

Maandag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 2 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Spreuke 2:1-5

Laat jou boeke klop

Moenie Spreuke ignoreer nie. Die verskil tussen wysheid en dwaasheid is die verskil tussen lewe en dood, die hemel en die hel. Die opeenstapeling van vyf werkwoorde in vers 1-4 maak 'n dringende oproep: Maak dit jou eie, hou jou ore oop, vra na gesonde begrip, soek intens en spoor op.

Spreuke beklemtoon met kort bevele die dringendheid om die regte keuses te maak. Dit geld vir elke aspek van ons lewe. Nadat die skrywer in die eerste aantal verse verduidelik het waarom wysheid so belangrik is, gebruik hy nou voorbeelde. Teorie word PRAKTYK.

Spreuke is nie 'n handboek nie, maar 'n padkaart of 'n inkomste/uitgawe-staat. Daar is voortdurend veranderlikes. Partykeer beland ek in 'n doodloopstraat. Ek beplan my finansies, maar siekte, gesondheid of verlies van inkomste verander die prentjie. Dan het ek wysheid nodig.

Kom ons probeer Spreuke 2 verduidelik aan die hand van 'n inkomste/uitgawe-staat. Ons kan die hoofstuk so verdeel: God se wil vir my lewe (vs 1-5), opsomming van dit wat God vir my gee (vs 6-12), ons leer die Bese ken wat ons op afdraaipaaie wil neem (vs 13-19), en laastens 'n beloning vir hulle wat reg doen (vs 20-22). Dit is die dinge wat God gee – noem dit krediete. Daar ontstaan omstandighede wat dit wegneem – noem dit debiete. Ek kan dit voorkom deur op die pad van die goeie mense te loop en die weë te bewandel wat God gee.

Hiervoor moet jy jou sintuie inspan. HOOR, SIEN en DOEN (Spr. 2:1-5).

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)